
# LEIERSKAP IN DIE GEMEENTE

## 1. LEIERSKAP IS INVLOED

Invloed is 'n vaardigheid wat **aangeleer** kan word.




Vaardigheid / vermoë / skills = 20%

Menseverhouding = 80%

Jy ontwikkel **invloed** deur jou **menseverhoudings** te verbeter! 'n Leier kan baie foute in sy mondering hê, maar wanneer menseverhoudings ontbreek, faal die leier.

## GOEIE MENSEVERHOUDINGS

1. Moenie kritiseer, veroordeel of kla nie.
2. Wees 'n bemoediger en opbouer.


   *1 Thess 5:11*
   *Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.*

3. Gee eerlike en opregte waardering.

   *"Die diepste beginsel in die menslike natuur is die drang om gewaardeer te word".*
   *- William James*

4. Ontwikkel opregte belangstelling in mense.
5. Vriendelikheid
6. Wees 'n goeie luisteraar. Moedig ander aan om oor hulself te praat.
7. Laat die ander persoon belangrik voel, en doen dit met opregtheid.
8. Die beste manier om van 'n argument af te kom, is om dit te vermy
9. Toon respek vir ander se menings.
10. As jy verkeerd is, erken dit gou en beslis.
11. Integriteit

## 2. STRUKTUUR VAN GEMEENTE




*1 Kor 13:1-2*
1 *Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword.*

2 *En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie.*

## LEIER SE VERANTWOORDELIKHEID

1. Liefde te wandel
2. Eenheid te bewaar.

*2 Kor 13:11*
*Verder, broeders, wees bly; word volmaak; laat julle vermaan; wees eensgesind; hou vrede, en die God van liefde en vrede sal met julle wees.*

*Eff 4:1-3*
1 *Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is,*
2 *met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra*
3 *en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.*

## PLAN VAN DIE DUIWEL

*Mark 3: 24-26*
*24 En as 'n koninkryk teen homself verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;*
*25 en as 'n huis teen homself verdeeld is, kan daardie huis nie bly staan nie;*
*26 en as die Satan teen homself opstaan en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie,*
*maar hy kom tot 'n einde.*

## HOE GELOWIGES EENHEID VERBREEK

- Kwaadpraat
- Skinder
- Jaloesie
- Twis
- Onegtheid
- Gebrek aan integriteit
- Kritiseer
- Afbreek
- Liefdeloosheid.

*Spr 6:14-19*
*14 in wie se hart valse streke is, wat altyd onheil bewerk en tweedrag saai.*
*15 Daarom sal sy ondergang skielik kom, onvoorsiens sal hy verbreek word sonder dat daar genesing voor is.*
*16 Hierdie ses dinge haat die HERE, en sewe is vir sy siel 'n gruwel:*
*17 trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet,*
*18 'n hart wat onheilsplanne beraam, voete wat haastig na die kwaad toe loop,*
*19 een wat as valse getuie leuens uitstrooi en tussen broers tweedrag saai.*

## 3. SAMEWERKING BRING GROEI



*Eff 4:16*
*uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*

## 1. Doen vir die Here.

*Kol 3:23*
*En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.*

## 2. Beloning is van die Here

*Eff 6:8*
*Omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.*

## 3. Meer hande maak ligte werk.

*Hand 6:1-4*
*1 En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is.*
*2 En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie.*
*3 Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel;*
*4 maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord.*

Jou hulp, bydrae en ondersteuning is wat God in hierdie gemeente nodig het om die groei te bevorder.